

Dinsdag 31 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 3:10-22

Fokusgedeelte: Lukas 3:21

'n Geopende hemel: God met ons!

Baie sondaars kom berouvol na Johannes die Doper om gedoop te word. Ook Jesus as die Sondelose. Hy gaan nie om te pleit vir versoening van sy sondes nie, maar om Hom te vereenselwig met gebroke sondaarmense en só Hom by sondaars te skaar! Nie om hulle sondes goed te praat nie. Eerder om redding en versoening te bring.

Lukas maak melding van die feit dat Jesus bid! Hy soek gemeenskap met sy Vader. Op sy gebed gaan die hemel vir onwaardige sondaars oop. Hy het daarvoor gekom. Die hemel wat vir mense as gevolg van hulle sonde geslote gebly het, gaan oop! So openbaar God Hom as die Redder van sondaars! Daarby daal sy Heilige Gees in 'n sigbare vorm met die grasie van 'n duif neer. So rus die Gees sy Seun toe om deur die kruis en opstanding die sondaars by wie Hy Hom skaar, te verlos en so nuwe hoop en lewe te gee (Jes. 61).

Hierdie openbaring kom tot 'n hoogtepunt wanneer die Vader sy eniggebore Seun as uitverkore Werktuig daarvoor aanwys! Sy guns en vriendelike aanwysing vergesel Hom.

So word hierdie Doop 'n innerlike geestelike verandering wat Hy deur sy Woord en Gees binne-in elkeen by wie Hy Hom skaar, aanbring. Hy kom na hierdie wêreld toe – nie om haar lewenswyse aan te neem nie, maar om met hierdie wêreld in al haar nood, veral die sonde – te wees en vir haar hoop te bring. So word daar vir gebrokenes die hemel – God se regering in hulle lewe – deur sy Gees geopen om enersyds nuwe hoop te bring, maar andersyds om van hulle hoopdraers te maak.

Hoe lewe ons onder 'n geopende hemel om juis in alles wat hier gebeur, weer hoop te bring?

Sing: Psalm 89-1:1, 6

Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)